# DIE HERDENKING VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG IN OËNSKOU

**FJ Jacobs**[1]

*This article gives an overview of the centennial commemoration of the Anglo-Boer War. The philosophy of the commemoration, the formation of the Central Steering Committee as well as their initial problems relating to Government recognition and opposing views are discussed. Short summaries of events are given and the report focuses on national, regional and local events. The launch of the commemoration in Bloemfontein as well as the final events three years later in Bloemfontein, Pretoria and Johannesburg are highlighted.*

*Brief mention is made of the publication explosion as well as media coverage of the events. The conclusion is drawn that the dual aims of the Central Steering Committee, namely reconciliation and nation building were only partly realised to the extent that some understanding developed between the different races in the country.*

---

## Die filosofie

Hierdie oorsig word gebied uit die perspektief van die Sentrale Reëlingskomitee waarvan die skrywer van die verslag die voorsitter was. Die samestelling van die komitee was die eerste probleem op die vergadering van 11 Oktober 1994 toe daar meningsverskil was oor die feit of die komitee uit streeksverteenwoordigers of organisasieverteenwoordigers moes bestaan. Vanuit die staanspoor was die twee gedagterigtings onversoenbaar en die besluit is uitgestel en na 'n afkoelperiode van 'n jaar het die verkose voorsitter, met die ondersteuning van die Beheerraad van die Oorlogsmuseum, 'n komitee bestaande uit streeksverteenwoordigers saamgestel. Die nege provinsies, wat pas begin funksioneer het, is as grondslag gebruik.

[1] Direkteur, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.

Die komitee het tydens sy eerste vergadering drie rigtinggewende besluite geneem:

Die komitee sou koördinerend en nie voorskriftelik optree nie.

Elke kultuurgroepering of streek sou die herdenking aanpak op 'n wyse wat eie is aan hul bepaalde kultuur en in ooreenstemming met die wyse waarop die bepaalde groep se voorsate die oorlog ervaar het.

Die amptelike erkenning van die regering sou gevra word, maar nie die ondersteuning, finansiëel of andersins, nie ten einde inmenging te voorkom.

**Die komitee**

Die direkteur van die Oorlogsmuseum, kol. FJ Jacobs, is as voorsitter verkies. Sommige streke se verteenwoordigers het dikwels gewissel, maar die volgende kan as die Bittereinder-komiteelede beskou word:

| | |
|---|---|
| Kwazulu-Natal | Mnr. Ken Gillings |
| Gauteng | Dr. Dioné Prinsloo |
| Mpumalanga | Dr. Graham Dominy |
| Noordelike Provinsie | Prof. Louis Chaguion |
| Noordwes | Proff. Louis van Heerden en Gert van den Berg |
| Vrystaat | Mnr. Johan Loock |
| Noord-Kaap | Mnr. Jan Viljoen en me Fiona Barbour |
| Wes-Kaap | Mnr. Nic Badenhorst |
| Oos-Kaap | Mnr. Herman le Roux |
| SA Akademie vir Wetenskap en Kuns | Prof. Fransjohan Pretorius |
| Sekretaris | Mnr. Johan Hattingh |

Daar was ook 'n belangrike subkomitee in Gauteng, naamlik vir Johannesburg onder voorsitterskap van lt.-kol. Heinrich Jansen.

**Regeringserkenning**

Regeringserkenning was van meet af aan belangrik omdat daar planne was om betrokke lande uit te nooi en uitnodigings aan staatshoofde en gewapende magte sou nie op 'n nie-amptelike grondslag moontlik wees nie. Versoeke en voorleggings vanaf Januarie 1997 het onbeantwoord gebly tot 'n kabinetsbesluit in Junie 1998 die eerste aanduiding was dat daar wel aandag aan die versoek geskenk is. Tydens 'n vergadering van provinsiale ministers van kultuur te Ulundi teen November 1998 is

die hele opset deur die voorsitter van die Sentrale Reëlingskomitee aan die lede van die Uitvoerende Raad verduidelik asook die graad van regeringsbetrokkenheid wat verlang word. Daar is toe wel op 'n bepaalde plan van aksie besluit. Weer eens het 'n frusterende tydperk verloop tot in Maart 1999 toe 'n Nasionale Raadplegende Forum in Durban gehou is waartydens aanbevelings aanvaar is dat die regering verantwoordelik sou wees vir die loodsing van die herdenking in die Vrystaat op 9 of 11 Oktober 1999, asook vir 'n historiese konferensie teen Augustus 2000 oor veral die rol van anderskleuriges in die Anglo-Boereoorlog.

Tydens hierdie forum het 'n nuwe smeulende bron van konflik hom reeds begin manifesteer: Die naam van die oorlog.

**Die naam van die oorlog**

Deur die loop van die twintigste eeu het name soos Boereoorlog, Engelse oorlog en ook Tweede Vryheidsoorlog, in Suid-Afrika altans, begin swig voor die aanvaarbare naam, Anglo-Boereoorlog. Die Tweede Vryheidsoorlog kan nie vir Vrystaters aanvaarbaar wees nie, maar het 'n groeiende emosionele betekenis binne sekere Afrikanerkultuurgroeperinge gehad. Die eensydige Britse benaming South African War was uiteraard nie vir Suid-Afrikaners aanvaarbaar nie en het geswig voor 'n wetenskaplik-akademiese aanslag van drie kundiges uit die Suid-Afrikaanse akademiese wêreld, naamlik proff. Louis Changuion, Fransjohan Pretorius en MCE van Schoor.

Die Suid-Afrikaanse regering is egter nie bekeer uie en die kabinet neem in die tweede deel van 1999 'n politieke besluit dat die oorlog as die Anglo-Boer South African War (ABSA) bekend sou staan. Indien hierdie naam nie doodgebore was nie, het dit klaarblyklik 'n vroeë kinderdood gesterf. Argumente hieroor het egter elke vergadering met die amptenare van die Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie ontsier. (Op 6 Maart 2002 het oud-president Nelson Mandela die geleentheidsrede gevoer by die onthulling van 'n beeld van Danie Theron te Fort Schanskop en hy het deurgaans van die Anglo-Boer War gepraat!)

**Opponerende komitees**

'n Tweede komitee het in hierdie tyd na vore getree, te wete die Volkskomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog. Gedurende die eerste deel van 1999 het dié komitee se voorsitter en die voorsitter van die Sentrale Reëlingskomitee in gesprek getree. Dit was duidelik dat daar fundamentele benaderingsverskille was en dat hierdie twee komitees nie hul aktiwiteite sou kon kombineer nie. Die Sentrale Reëlingskomitee se voorneme om internasionale betrokkenheid te

bewerkstellig; hul toenadering tot die regering om amptelike erkenning vir die herdenking te verkry; asook hul voorneme om alle kultuurgroepe die geleentheid te bied om deel te neem aan die herdenking, was vir die Volkskomitee onaanvaarbaar, aangesien hulle slegs die Afrikaner as hul teikengroep gesien het. Tydens die samesprekings is een ingrypende besluit geneem, naamlik dat die twee komitees mekaar nie sal opponeer nie en nie herdenkingsgeleenthede in kompetisie met mekaar sou aanbied nie.

Tydens 'n funksie in Bloemfontein op 9 Oktober 1999 was 'n paar lede van die plaaslike komitee betrokke in 'n insident wat 'n slegte smaak gelaat het..

Die Hoofbestuur van die Volkskomitee het egter vroeg in Oktober 2001 'n besonder waardige funksie by die Vrouemonument gereël.

**Swart mense in die oorlog**

Die Oorlogsmuseum het reeds in 1997 begin om aandag te skenk aan die betrokkenheid van anderskleuriges in die Anglo-Boereoorlog. Ten einde begrip vir hierdie verwaarloosde aspek van die geskiedenis te kweek, is 'n pamfletveldtog onder leiding van kommunikasiekonsultante van stapel gestuur om veral beleidmakers en beleidbeïnvloeders van hierdie feite bewus te maak. Hierna het die konsultante 'n baie doeltreffende mediaveldtog geloods wat in nasionale media en selfs kleiner plaaslike weekblaaie neerslag gevind het. Hierdie veldtog was, meer as enigiets anders, deurslaggewend tot die kabinetsbesluit om die herdenking te erken.

Die oplewing in die belangstelling in die Anglo-Boereoorlog was verantwoordelik vir die ontdekking van talle begraafplase wat onomstootlik aan swart konsentrasiekampe gekoppel kon word en daarmee saam 'n oplewing in belangstelling van mense wat tot op daardie tydstip hulself onbetrokke by die Anglo-Boereoorlog gevoel het.

Die nuwe kennis, asook die verantwoordelikheid van die beoefenaars van geskiedenis, het gemanifesteer in 'n uitstalling by die Oorlogsmuseum wat breedweg die verloop van die oorlog tematies uitgebeeld het met foto's as die stawende artefakte. Hierdie uitstalling is op 8 Oktober 1999 deur dr. Ben Ngubane, minister van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie geopen en het 'n besondere bydrae gelewer tot die siening dat hierdie museum transformasie binne die parameters van sy tema ondersteun. Hierdie foto's het die teenwoordigheid van swart mense in bykans elke faset van die oorlog bewys. Emosionele kommentaar hieroor was, soos verwag is, dadelik aan die orde en soms is patetiese kommentaar, soos dat die foto's rekenaarmatig "geskep" is, ook ontvang.

## Herdenkingsgeleenthede

### Op nasionale vlak

Die Sentrale Reëlingskomitee het besluit dat daar twee nasionale herdenkingsgeleenthede sou wees en dat die res op streeks- of plaaslike vlak sou plaasvind. Die begin van die herdenkingsperiode sou in die Vrystaat (Bloemfontein) plaasvind en die afsluiting in Gauteng (Pretoria). Beide sou ietwat gewysig plaasvind.

**Begin van herdenking**. Bloemfontein was van 8 tot 17 Oktober 1999 behoorlik in die kalklig. Daar was elke dag gedurende hierdie tydperk minstens een, en dikwels meer belangrike gebeurtenisse. Die volgende is slegs van die hoogtepunte:

- 8 Oktober 1999: Die Oorlogsmuseum se uitstalling word deur minister Ben Ngubane geopen.
- 9 Oktober 1999: 'n Internasionale funksie vind buite Brandfort plaas met pres. Mbeki as hoofspreker en die Hertog van Kent die eregas. Meer as drie duisend mense, wat diplomatieke verteenwoordigers van talle lande insluit, woon die funksie by.
- 9 Oktober 1999: 'n Funksie onder leiding van die Nasionale Vrouemonumentkommissie vind by die Vrouemonument plaas.
- 11 Oktober 1999: 'n Weeklange internasionale filatelie-uitstalling en konferensie oor die Anglo-Boereoorlog word geopen.
- 12 Oktober 1999: 'n Driedaagse internasionale geskiedeniskonferensie oor die Anglo-Boereoorlog onder leiding van die Departement Geskiedenis van die Universiteit Vrystaat word geopen. Verteenwoordigers van agtien lande woon die geleentheid by.
- Kransleggings, gedenkdienste en kulturele gebeurtenisse vind dwarsdeur die week in Bloemfontein en by Onze Rust plaas.

**Afsluiting van die herdenking**. Funksies rondom hierdie gebeure het sowel in Gauteng as in die Vrystaat plaasgevind. Op 31 Mei 2002 is die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op simboliese wyse te Melrose Huis, Pretoria, gedenk. Prof. Fransjohan Pretorius het by die geleentheid op kundige wyse die drama rondom die vredesluiting voorgedra. 'n Kranslegging van internasionale omvang het die

volgende dag by die Anglo-Boereoorloggedenkteken by die dieretuin in Johannesburg plaasgevind. Dr. Ben Ngubane was die spreker en vier en dertig lande was by wyse van diplomatieke personeel hier verteenwoordig.

In die Vrystaat is die problematiek van die toekoms bespreek in twee gelyklopende konferensies waar die jeug van Suid-Afrika, enersyds, en kenners van die geskiedenis, politiek en ekonomie, andersyds, twee afsonderlike konferensies, gevolg deur 'n gesamentlike konferensie, gehou het waartydens oor die toekoms besin is.

Die aand van 31 Mei het 'n kultuurprogram by die Vrouemonument plaasgevind. Die volgende dag, die eerste dag van vrede een honderd jaar gelede, was daar 'n simboliese neerlegging van wapens by die ruiterstandbeeld van genl. De Wet, terwyl daar die aand 'n program op Onze Rust aangebied is deur verskeie bekende Afrikaanse uitvoerende kunstenaars.

Die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat verdien spesiale vermelding vir die aanbied van die konferensie van 25 Mei 2002. Die feit dat hulle een van die vernaamste rolspelers was met die loodsing van die herdenking deur 'n besondere akademiese kleur daaraan te verleen en hulself nou weer geroepe gevoel het om die herdenking op 'n akademiese noot af te sluit, strek hulle tot eer.

By laasgenoemde konferensie is die klem verskuif na die gevolge van die Anglo-Boereoorlog en is gepoog om talle maatskaplike en politieke gebeure van die twintigste eeu in Suid-Afrika vanuit 'n historiese vertrekpunt in perspektief te plaas.

**Op streeksvlak**

Die nege huidige provinsies se voorsate het die oorlog verskillend ervaar en daarom het die aard van herdenkingsgeleenthede verskil. Die streekskomitees wat hulself veral onderskei het, was dié van KwaZulu-Natal, die Noordkaap, die Vrystaat, die Noordelike Provinsie en die Noordwes Provinsie.

Direk na die openingsweek in Bloemfontein het die klem na KwaZulu-Natal verskuif waar die beleg van Ladysmith, asook verskillende veldslae rondom hierdie beleg, op 'n groot skaal herdenk is. Na 'n kort verposing het die klem na die Noord-Kaap verskuif waar verskeie aspekte rondom die Britse opmars aan die wesfront, die beleg van Kimberley en die Slag van Magersfontein die fokuspunt was.

KwaZulu-Natal het weer in Januarie 2000 die slag van Spioenkop herdenk en dwarsdeur die periode is geen geleentheid in hierdie provinsie oorgeslaan nie. Ten opsigte van beide hierdie provinsies het die beplanning op die onmiddellike asook

die langtermyn gekonsentreer. In die Noord-Kaap is die infrastruktuur verbeter, begraafplase en gedenktekens herstel en aanwysingsborde met die oog op slagveldroetes doeltreffend aangebring. KwaZulu-Natal het voortgebou op hul ervaring van die Anglo-Zoeloe-oorloë en het hul toerismepotensiaal op 'n indrukwekkende wyse uitgebou. Gedurende September is daar oor drie dae heen suksesvolle herdenkingsgeleenthede in Noord-Natal rondom genl. Louis Botha se tweede inval in Natal van stapel gestuur.

Vroeg in Mei 2002 is die gebeure rondom Holkrans herdenk. Hierdie funksie het sy oorsprong vanuit owerheidsweë gehad en het 'n bepaalde potensiaal gehad om, in die omgewing van Vryheid altans, 'n politieke kleur te kry. Bloot die naam wat deur die twee partye aan die gebeurtenis gegee is, dui daarop: "Die moord by Holkrans" teenoor die "Zoeloe-oorwinning by Holkrans". Toe dit wel plaasgevind het, het dit in 'n gees van versoening geskied.

Dit kan onomwonde gestel word dat die streekskomitee in KwaZulu-Natal die beste georganiseer was en die beste gefunksioneer het.

In die Vrystaat en die Noordwes-Provinsie is veral op individuele veldslae gefokus en talle bekende en minder bekende veldslae is op 'n deurlopende wyse op streeks- en plaaslike vlak gedenk.

Die Noordelike Provinsie het aan die einde van April 2001 'n vyfdae-lange herdenking van stapel gestuur waarin veral die optredes van Breaker Morant en sy Bushveld Carbineers asook die Staatsartillerie en die Long Tom sentraal gestaan het. Hierdie gebeurtenis was stylvol en het 'n blywende indruk op die besoekers gemaak.

In die Oos-Kaap is die gevegte in die Stormberge herdenk en later is genl Smuts se tog van September 1901 op velerlei wyses in herinnering geroep.

Die rol van die Suid-Afrikaanse Wapen- en Ammunisieversamelaarsvereniging verdien vermelding. Hierdie groep entoesiaste het aan talle plaaslike herdenkings kleur verleen met hulle realistiese gevegsnabootsings. Van belang is die feit dat, onder die leiding van adv. Colin Steyn, hul voorsitter, klem gelê is op die korrektheid van hul wapens en kleredrag en dat hulle by gevegsnabootsings die historiese perspektief van die betrokke insident probeer behou het.

## Mediadekking

Bepaalde persgroepe of koerante het die herdenking totaal geïgnoreer, terwyl andere besondere goeie dekking gegee het aan die herdenking, asook aan die inhoudelike van die oorlog. Mnr. Nols Nieman van die **Volksblad** verdien besondere dank vir 'n volgehoue poging van langer as drie jaar. In **Die Burger** was mnr. Martiens van Bart baie aktief en het veral in die Saterdagbylae 'n besondere bydrae gelewer. 'n Ander joernalis en koerant wat vermelding verdien, is mnr. Patrick Leeman en die **Mercury**. Die media kan 'n grootse gebeurtenis doodswyg en dus is die gemelde drie gevalle soveel te meer meldingswaardig.

## Die neerslag van die herdenking

In 1994 het prof. MCE van Schoor, in sy hoedanigheid as Anglo-Boereoorlog historikus en oud-voorsitter van die beheerraad van die Oorlogsmuseum, gesê dat die enigste meetbare sukses van so 'n herdenking dit is wat voortleef in die harte van mense asook die nuwe literatuur wat op die boekrakke verskyn. Toesprake en saamtrekke raak in die vergetelheid. Daar kan met dank verklaar word dat daar 'n publikasie-ontploffing oor hierdie drie jaar plaasgevind het waardeur talle nuwe kennis na vore gebring is. Om hierop in te gaan, vereis 'n aparte studie.